

13 April

2 Tessalonisense 1:1-12, (Teks: 1:2)

Genade en vrede

Wie van Gods wet afwyk, lewe nie in vrede nie. Net genade kan genesing bring na 'n offer. Deur die offer van versoening kan verandering kom. Na die soenoffer (in die Ou Testament) seën God sy volk. God sê dat Hy die volk genadig sal wees; dat Hy aan hulle vrede sal gee (Num. 6:24-26). By die priesterlike seën sluit Paulus aan en bid die gemeentes genade en vrede toe (Rom. 1:7; 1 Kor. 1:3; 2 Kor. 1:3; Gal 1:3; Ef. 1:2; Fil. 1:2). Paulus se briewe begin met die groetseën: "Genade en vrede vir julle". Genade en vrede is in die Ou Testament afgeteken in die offer. Uit genade en nie deur verdienste nie het God die mens in liefde omhels deur die offerbloed. Vrede met God is verkry nadat versoening gedoen is. Vanaf die kruis breek die seën van genade en vrede deur tot elke gelowige. Daarom het Christus mens geword het, gely en gesterf, uit die dood opgestaan en opgevaar na die hemel. Deur Christus se oorwinning hoor die uitverkore kinders die boodskap: "Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus" (Op 1:4-5). "Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos en ons sy koninkryk gemaak" (Op 1:5-6). Self sou die mens dit nooit kon doen nie. Die verlossingswerk van Jesus was nodig.

Sing: Psalm 119:59

Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)